



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

ONTWERP V2

(PRAKTIES)

28 JULIE–24 OKTOBER 2014

PUNTE: 100

**TYD: ONDERWERP 1: Praktiese proses/voorbereiding by die skool en/of tuis [50]
ONDERWERP 2: Praktiese produk onder gekontroleerde omstandighede
SLEGS by die skool gedoen; 'n minimum van 12 uur en 'n
maksimum van 24 uur [50]**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye en 1 bylae.
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

ONDERWERP 1: Die eksamenwerkboek/-bronboek (A3-grootte voorgestel)
(50 punte)

ONDERWERP 2: Die finale praktiese eksamenproduk (50 punte)

2. **Die vraestel het TWEE temas. Kies EEN of KOMBINEER DIE TWEE OPSIES.**

1. OPDRAG/TEMA 1: ONTWERPE WAT DEUR REIS GEÏNSPIREER IS ...



'n Versameling steampunk-geïnspireerde illustrasies en plakkate

Die woord 'reis' kan met baie ideologieë en konsepte verbind word: 'n tog, toer, 'n reis wat onderneem word, seereis, ekspedisie, uitstappie, kuiertjie, besoek, deurtog, oorvaart, plesiervaart, seil, vlug, ry, trek, gaan, deurgang, beweeg, ensovoorts.

In vandag se wêreld hou reis meestal met werk verband: baie van ons reis heen en weer na ons werksplekke en ons huise, vasgevang in die samelewing se 'dolle gejaag'! Ons het stralerjakkere geword wat al hoe meer tyd op vliegtuie spandeer – weg van ons gesinne en geliefdes – om ons doelwitte, drome en bestemmings te bereik!

Reis is ook 'n inherente menslike aktiwiteit. Reis laat ons toe om:

- Meer eksotiese of ongerepte dele van die wêreld te verken
- Weer met familie kontak te maak en ons voorvaders se kulturele erfenis of oorsprong na te spoor
- Van sosiale druk en verantwoordelikhede te ontsnap
- Die wonders van die natuur te ervaar
- Ander maniere van menswees te ervaar en om nuwe perspektiewe te kry

Donald Trump, die selfgemaakte multibiljoenêr Amerikaanse magnaat en ontwikkelaar van vele hotelle, golfoorde en 'n reisagentskap, is passievol oor reis!

'Geluk is 'n manier van reis' vir Trump. Hy is so passievol oor reis dat hy vorendag gekom het met 'n briljante en inspirerende konsep: 'n hotel wat reis vier!

Jou opdrag is om 'n ontwerp vir sy nuwe hotel te skep in EEN van die ontwerpkatereg hieronder:

- Visuele Kommunikasie-/Inligtingsontwerp en Digitale Ontwerp
- Oppervlakontwerp en Tweedimensionele Handwerkontwerp
- Produkontwerp en Driedimensionele Handwerkontwerp
- Omgewingsontwerp

HIERDIE ONTWERP MOET DEUR REIS GEÏNSPIREER WEES.


'Beplan jou eie roete', 'pak' jou idee(s) en gebruik die voorbeelde wat ingesluit is en deur die tema 'reis' geïnspireer is ...

VOORBEELDE:

VISUELE KOMMUNIKASIE-/INLICHTINGSONTWERP EN DIGITALE ONTWERP



FIGUUR A: Grafiese ontwerpe deur Old Mac Daddy/Grand Daddy/Daddy's World Maatskappy (Kaapstad), 2012.

OPPERVLAKONTWERP EN TWEEDIMENSIONELE HANDWERKONTWERP

FIGUUR B: **Klassieke Trein-muurpapier** deur Leon Greeff (Suid-Afrika), 2013.



FIGUUR C: **Helikopters en Wiele-muurpapier** deur Kristen Morkel (Suid-Afrika), 2013.




FIGUUR D: **Fiets-muurpapier** deur Astrid Schwarz van Schwarzie (Suid-Afrika), 2013.




FIGUUR E: **Klassieke Ballon-muurpapier** deur Kristen Morkel (Suid-Afrika), 2013.



FIGUUR F: **Muurpapier met 'n Afrika-gevoel** deur Design Kist (Kaapstad), 2012.



FIGUUR G: **Kaart- of Topografie-muurpapier** deur Monkey Muse (Toronto), 2013.



FIGUUR H: **Bagasie-muurpapier** deur Andrew Martin (Engeland), 2012.

PRODUKONTWERP EN DRIEDIMENSIONELE HANDWERKONTWERP



FIGUUR I: **Skepskrat-meubelstuk** deur Marcantonio Raimondi Malerba (Italië), 2010.



FIGUUR J: **Arara Nômade/Nomadiese of Alles-in-een-trommel-meubels** deur André Pedrini en Ricardo Freisleben (Brasilië), 2013.



FIGUUR K: **Unieke Objets Nomades-versameling** deur Louis Vuitton, (VSA), 2013.

OMGEWINGSONTWERP



FIGUUR L: Die 'Airstream Trailer Park' deur Old MacDaddy of die Daddy Long Legs Boys en verskeie ander ontwerpers (Kaapstad), 2009.





FIGUUR M: **5th Avenue-vensteruitstalling** deur Louis Vuitton (VSA), 2010.




FIGUUR N: **Bergdorf Goodman-vensteruitstalling** deur Louis Vuitton (New York), 2008.

2. OPDRAG/TEMA 2: TOTEMISTIESE ONTWERP



Totemistiese ontwerp word beskryf as die neiging om *kleure, patrone, materiale en voorwerpe op mekaar te stapel* of *in lae te pak* om 'n **totemistiese kwaliteit** te bereik. Dit is histories deur die Memphis-groep gedurende die Pop-era geïnspireer en is na Postmodernisme deurgedra.



Die Pop-era-ontwerper, Verner Panton, se **Blompot-hanglamp** en **Panton-stapelstoel**, vervaardig in 1969, beklemtoon duidelik 'n obsessie met opstapel en in lae pak om 'n totemistiese kwaliteit te verkry.



Postmoderne ontwerper, Ettore Sottsass, se **Adesso Però-boekrak**, **Mobile Giallo-laaikas** en **Charlton-kabinet** uit die 1980's getuig van 'n speelse, gevatte en rare toepassing van die totemistiese strukture in Postmodernistiese ontwerpe.

TOTEMISME roep beelde op van Amerikaanse Indiaanse of Rooihuid-totempale, terwyl baie Suid-Afrikaners Totemisme met die alombekende familie-restaurant, Spur, assosieer.

Li Edelkoort (internasionale tendensvoorspeller) wys daarop dat Suid-Afrika 'n duidelike TOTEMISTIESE ontwerptradisie het. Volgens haar het dit in die vroeë 1990's begin met ontwerpers wat daarop ingestel was om 'n Afrika-identiteit te skep.

Wanneer die oop betekenis van die woorde/terme 'totemisties', 'opstapel' en 'in lae pak' in ag geneem word, vind ons handige inligting:

totemisties: byvoeg, optel, bymekaartel, opdra, op die kerfstok sit
opstapel: pak, ophoop, stapel, laai/vrag
in lae pak: omring/omhein, oordek, beskut, samehorigheid

Die kompleksiteit van die woord TOTEMISME dwing ons om 'te struikel oor' Postmodernistiese gesprekke/besprekings of om dit te betree, waar ontwerpe 'gelaai' is met 'pluralistiese, meerduidige tweeledighede en dubbelsinnige betekenis' – EN ons dan te wend na Dekonstruksie of daar in te 'tuimel', waar betekenis weereens 'gedekodeer, afgebreek en gefragmenteer ...' word.

DIE OPDRAG:

Skep 'n **TOTEMISTIESE ONTWERP** vir die 2015 **Design Indaba Ekspo**.

- Ontwerp(e) moet 'opstapel' en/of 'in lae pak' suggereer.
- Die ontwerp(e) kan 'n kontras of tweeledigheid insluit.
'n Paar voorstelle: geometries/organies; Afrika/Westers; Afrika/Oosters; handgemaak/masjiengemaak; ryklik versier/minimaal; vroulik/manlik; natuurlik/kunsmatig; gekonstrueer/gedekonstrueer; ensovoorts.

Skep enige oorspronklike ontwerp in EEN van die volgende ontwerpkateregories:

- Visuele Kommunikasie-/Inligtingsontwerp en Digitale Ontwerp
- Oppervlakontwerp en Tweedimensionele Handwerkontwerp
- Produkontwerp en Driedimensionele Handwerkontwerp
- Omgewingsontwerp

VOORBEELDE:**KOMMUNIKASIE-/INLIGTINGSONTWERP EN DIGITALE ONTWERP**

FIGUUR A: **Design Indaba Ekspo-embleemontwerp** (Kaapstad), 2013.

Dit is duidelik dat daar 'n benadering van opstapel en in lae pak in die Design Indaba Ekspo se embleem gebruik is.

OPPERVLAKONTWERP EN TWEEDIMENSIONELE HANDWERKONTWERP

FIGUUR B: **Totempaal-modes** deur Rysgaard en Kristoffersen (Denemarke), 2012.

Die kostuums hierbo weerspieël laag-op-laag-balans tussen masjien- en handgemaakte tegnieke. Elke stuk kan vrylik gemeng en gepas, saam of afsonderlik gedra word. Die ontwerpers speel duidelik met die idee van konstruksie/dekonstruksie van tradisionele Amerikaanse Indiaanse beelde en simbole.

PRODUKONTWERP EN DRIEDIMENSIONELE HANDWERKONTWERP



FIGUUR C: **'The Stacking Rhythm Band and Toy'**
deur Patrick Kim (New York), 2013.



FIGUUR D: **'Tea Shower Stacking Up Wooden Toy'**-versameling
deur London Shower (Londen), 2012.

'The Tea Shower Stacking Up Wooden Toy' is gebaseer op die 'Chimney Soldier'-karakter. Die proses van opstapel en in lae pak, leer 'n kind nie net om op speelse wyse te versamel en groottes en kleurskemas te kies nie, maar ook om twee- en driedimensionele vorms te konstrueer en te dekonstrueer.



FIGUUR E: **Die Leerversameling** deur Maarten De Ceulaer en Ralph Baggaley vir Nilufar (België), 2012.

Hierdie versameling kunstige, skulpturale stukke vir stoorplek weerspieël die ontwerper se groot passie vir konstruering en dekonstruering. Dit is 'n uitstekende voorbeeld van ontwerp se vermoë om te 'morfeer' of te transformeer deur 'n reuse versameling verskillende totemistiese, stapel- en in-lae-pak-moontlikhede.




FIGUUR F: **Stapelstoele** deur Jun Murakoshi and Yanko Designs (Japan), 2012.


Hierdie ontwerper het die idee van opstapel en in lae pak slim gebruik om die probleem van stoorplek en ruimte op te los. Hierdie multifunksionele ontwerp word tweeledig gebruik as stoele of stoele wat kreatief gestapel is om rakke te skep.

OMGEWINGSONTWERP

Gregory Polletta en Sung Jang het '**Topiade**' geskep, 'n vooraansig-struktuur wat in lae gerangskik is, om 'n bestaande Louis Vuitton-winkelgebou sonder groot rekonstruksie te vernuwe. Die konsep van 'snoeikuns' (om plante in vorms te snoei) en die Franse tuinstyl is gebruik om die luukse kwaliteit van Louis Vuitton te versterk en uit te brei.



FIGUUR G: '**Topiade**'-bedekte Vooraansig vir Louis Vuitton deur Gregory Polletta en Sung Jang (VSA), 2010.



FIGUUR H: Moderne Voorafvervaardigde Nakagin-kapsule-torings
deur Kisho Kurokawa (Japan), 1972.

Alhoewel hierdie ikoniese Voorafvervaardigde Kapsule-toring in 1972 gebou is, toon hierdie gebou die tydlose toepassing van totemistiese of stapelbare modulêre argitektuur.

VEREISTES**AFDELING A****ONDERWERP 1: BRONBOEK/WERKBOEK/PROSES [50]**

1. Alle proses-/voorbereidingswerk vir jou ontwerp moet in 'n bronboek/werkboek (A3-grootte voorgestel) getoon word.
2. Dit sal die prosesse vanaf konseptualisering tot realisering behels.
3. Deeglike ondersoek van probleme wat deur die ontwerpdrag gestel word, moet getoon word.
4. Die bronboek/werkboek moet in die vorm van 'n album aangebied word (dit wil sê in boekvorm).
5. Dit moet maklik kan oopmaak en moet bladsye hê wat maklik kan omblaai.
6. Die bronboek/werkboek moet van ligte materiaal gemaak word sodat dit maklik vervoer kan word na 'n sentrale plek waar werk gemodereer word.
7. Maak seker dat die bronboek/werkboek professioneel aangebied word.

LET WEL:

- Aangesien ONDERWERP 1 (ontwerpproses) dieselfde punttoekenning as ONDERWERP 2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daarvoor toegelaat word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.
- Jou onderwyser kan by hierdie voorafgaande voorbereidingsessie (slegs ONDERWERP 1) betrokke wees.
- Jy mag tuis werk.

KRITERIA VAN DIE ONTWERPPROSES (ONDERWERP 1)

Jy moet die volgende aanbied (verwys na die *NSS Ontwerp-eksamenriglyne 2014*):

- Uitdrukking van intensie/bedoeling en beredenering (10)
 - Bewyse van navorsing, eksperimentering en besinning (10)
 - Bewyse van gedetailleerde beplanning en aanbieding wat verband hou met die finale konsep (30)
- [50]**

AFDELING B**ONDERWERP 2: DIE FINALE PRODUK [50]**

Alhoewel daar aanbeveel word dat 'n tweedimensionele ontwerp NIE groter as A2-grootte moet wees NIE, word kandidate se werk NIE TEN OPSIGTE VAN GROOTTE BEPERK NIE.

Die grootte van 'n driedimensionele ontwerp sal afhang van die funksie van die voorwerp wat gemaak word. As in gedagte gehou word dat die finale produk dalk na 'n sentrale nasiensentrum vervoer sal moet word, moet jy moontlike probleme gedurende vervoer in gedagte hou.

LET WEL:

- Jou onderwyser mag jou glad NIE gedurende die finale produksie van die ontwerp help NIE.
- ALLE werk moet onder toesig van die onderwyser en/of aangestelde toesighouer by jou skool gedoen word.
- Enige vorm van direkte KOPIËRING/PLAGIAAT of werk wat nie jou oorspronklike werk is nie, sal streng gepeenaliseer word.
- 'n Verklaring van egtheid (BYLAE A) moet deur jou en die hooftoesighouer/onderwyser voltooi word.
- Werk moet op 'n deurlopende basis gedoen word, byvoorbeeld gedurende drie agtereenvolgende dae onder gekontroleerde omstandighede.

KRITERIA VIR DIE ONTWERPPRODUK (ONDERWERP 2)

Jy moet die volgende kriteria gebruik (verwys na die *NSS Ontwerp-eksamenriglyne 2014*):

- Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/Interpretasie ten opsigte van die konsep en oplossing(s) wat betrekking het op die opdrag (10)
- Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: Die gepaste gebruik van ontwerpelemente en -beginsels (10)
- Tegniek/Vakmanskap/Metode (10)
- Die ontwerpoplossing moet bewyse van TEN MINSTE 12 UUR, MAAR NIE MEER AS 24 UUR SE WERK NIE onder gekontroleerde omstandighede toon (10)
- Professionele aanbieding en funksionaliteit van die finale ontwerpoplossing (10)

[50]

TOTAAL: ONDERWERP 1 (50) + ONDERWERP 2 (50) = 100

INSTRUKSIES AAN DIE ONDERWYSER**PRAKTIESE EKSAMEN ONDERWERP 1 (50 PUNTE) EN ONDERWERP 2 (50 PUNTE)
– TAAK 7**

1. Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele: ONDERWERP 1 (die eksamenwerkboek/-bronboek, A3-grootte voorgestel) en ONDERWERP 2 (die finale praktiese eksamenproduk).
2. Hierdie praktiese vraestel moenie voor **Maandag 28 Julie 2014** aan die kandidate gegee word nie. Die finale inlewingsdatum sal **Vrydag 24 Oktober 2014** wees.
3. ONDERWERP 1 (ontwerpproses) het dieselfde puntetoekenning as ONDERWERP 2 (die finale produk) en daarom moet genoeg tyd daaraan spandeer word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.
4. Gevolglik behoort kandidate genoeg tyd te hê om hulle ONDERWERP 1 (ontwerpproses) te doen. Die onderwyser mag slegs by hierdie voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees en nie by ONDERWERP 2 nie. As gevolg van die voorbereidende aard van ONDERWERP 1, word kandidate toegelaat om by die huis te werk.
5. Kandidate moet die ONDERWERP 1-bronboek/werkboek as verwysingspunt gedurende hulle ONDERWERP 2-eksamen gebruik. Beide ONDERWERP 1-en ONDERWERP 2-eksamenwerk moet onmiddellik na voltooiing van die ONDERWERP 2-eksamen aan die onderwyser/toesighouer oorhandig word.
6. Die onderwyser mag glad NIE die kandidaat op enige wyse tydens die finale produksie van die ontwerpproduk (ONDERWERP 2) help NIE.
7. Enige vorm van direkte KOPIËRING/PLAGIAAT of werk wat nie die kandidaat se oorspronklike werk is nie, sal streng gepenaliseer word.
8. ONDERWERP 2 moet op 'n deurlopende basis gedoen word, byvoorbeeld tydens drie opeenvolgende dae onder gekontroleerde omstandighede.
9. ONDERWERP 2 moet by die kandidaat se eksamensentrum onder toesig van die onderwyser/toesighouer plaasvind. ONDERWERP 2-werk mag NIE tuis gedoen word NIE. ONDERWERP 2-werk mag onder GEEN omstandighede uit die eksamenlokaal verwyder word NIE.
10. Elke provinsie sal die proses wat by die nasien van ONDERWERP 1 (bronboek/werkboek) en ONDERWERP 2 (finale produk) betrokke is, bepaal. Skole sal, waar van toepassing, deur die provinsies in kennis gestel word van die datum, tyd en plek vir die inlewering van werk by die eksamensentrums.
11. Die eksamen-ONDERWERP 1 moet professioneel in 'n bronboek/werkboek in albumformaat aangebied te word (A3-grootte voorgestel).

12. PAT'e en die finale eksamen moet netjies, apart en duidelik benoem word. Skrif moet leesbaar wees, met 'n skoolstempel op BYLAE A.
13. Heg BYLAE A stewig vas aan die PAT'e en die finale eksamen.
14. Moenie ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2 (eksamenwerk) met PAT 1 (Taak 1), PAT 2 (Taak 3) en die praktiese proefeksamen (Taak 5) verwar of meng nie.

PAT 1 (TAAK 1), PAT 2 (TAAK 3) EN DIE PRAKTIESE PROEFEKSAMEN (TAAK 5)

1. Elke provinsie sal die modereringsproses van die jaarwerk, PAT 1 (Taak 1), PAT 2 (Taak 3) en die praktiese proefeksamen (Taak 5), asook die finale praktiese eksamen (Vraestel 2) bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word van die datum, tyd en plek vir die moderering van die PAT-jaarwerk en nasien/assessering van die finale praktiese eksamen Vraestel 2 (Taak 7).
2. ONDERWERP 1 vir elke taak moet professioneel in 'n bronboek/werkboek in albumformaat (A3-grootte voorgestel) aangebied word.
3. Kandidate wat nie PAT 1 (Taak 1), PAT 2 (Taak 3) en die praktiese proefeksamen (Taak 5) voorlê nie, sal onvolledige uitslae vir hierdie deel van die eksamen (jaarwerkuitstalling) ontvang.
4. Die volgende prosedure mag deur elke provinsie aangepas word om by hul eie proses van moderering/assessering van werk aan die einde van die jaar te pas:

'n Voorbeeld van die samestelling van 'n bronboek/werkboek:

- Inhoudsopgawe met leesbare bladsyverwysings
 - Al die ONDERWERP 1'e (ontwerpproses) moet in die bronboek/werkboek in chronologiese volgorde, saam met die onderskeie assesseringstate, geplaas word.
5. Elke provinsie sal die prosedure betrokke by die inlewering en moderering/assessering van ONDERWERP 2 self bepaal.

ASSESSERINGSRIGLYNE

	UITKOMSTE	VEREISTES	GEWIGS-TOEKENNING %	PUNTE
DIE WERKBOEK	ONDERWERP 1 Die Ontwerpproses <i>Die kandidaat kan die ontwerpproses vanaf konseptualisering tot realisering verstaan.</i>	Uitdrukking van bedoeling en beredenering	10	50
		Bewyse van navorsing, eksperimentering en besinning	10	
		Bewyse van gedetailleerde beplanning en aanbieding wat met die finale konsep verband hou	30	
DIE FINALE PRODUK	ONDERWERP 2 Ontwerpproduksie <i>Die kandidaat kan 'n versameling werke in die gekose dissipline(s) produseer en aanbied, wat 'n begrip van ontwerpvaardighede en produksieprosesse toon.</i>	Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/ Interpretasie ten opsigte van die konsep en oplossings wat relevant tot die opdrag is	10	50
		Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: die gepaste gebruik van ontwerp-elemente en -beginsels	10	
		Tegniek/Vakmanskap/Metode	10	
		Die ontwerp-oplossing moet bewyse van ten minste 12 uur, maar nie meer as 24 uur se werk nie onder gekontroleerde omstandighede toon	10	
		Professionele aanbieding en funksionaliteit van die ontwerp-oplossing	10	
TOTAAL				100

LET WEL: Onderwysers en nasieners moet na die *NSS Ontwerp-eksamenriglyne 2014* verwys.

BYLAE A (Gebruik die vorms hieronder)

Hierdie bylae moet losgemaak, gekopieer, voltooi, geteken en op die PAT'e (bronboek/werkboek) en die finale eksamen (bronboek/werkboek en/of finale produk) geplak word.

NOVEMBER 2014 PAT-UITSTALLING

1.	Vaknaam	
2.	Vakkode	

VERKLARING VAN EGTHEID

Hierdie werk is onder toesig en sonder enige hulp gedoen. Hiermee word gesertifiseer dat alle werk wat ingedien is, die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.

Sentrumnommer																			
Eksamennommer																			
Distrik/Kring																			
	Handtekening en Datum										Skoolstempel								
Kandidaat																			
Skoolhoof																			
Hooftoesighouer/Onderwyser																			

NOVEMBER 2014 PRAKTIESE EKSAMEN

1.	Vaknaam	
2.	Vakkode	

VERKLARING VAN EGTHEID

Hierdie werk is onder toesig en sonder enige hulp gedoen. Hiermee word gesertifiseer dat alle werk wat ingedien is, die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.

Sentrumnommer																			
Eksamennommer																			
Distrik/Kring																			
	Handtekening en Datum										Skoolstempel								
Kandidaat																			
Skoolhoof																			
Hooftoesighouer/Onderwyser																			